Voorstel tov die implimentering van Kinderkerk vir die graad 4-6 Kinders

Agtergrond

Daar is reeds geruime tyd 'n kinderkerk vir die graad 0-3 kinders in ons gemeente. Dit het 'n besonder impak op ons klein lidmaatjies. Ons ondervind al geruime tyd dat die graad 4 – 6 kinders steeds die kinderkerk wil bywoon, maar dat die programme wat aangebied word nie op hulle gemik is nie. Die verwagting tot nou toe is dat hierdie ouderdomsgroep die eredienste moet bywoon, maar tog is dit nog glad nie op hierdie jongmense se ontvanklikheidsvlak nie. Dit lei soms tot frustrasie by ouers en kinders. Hierdie ouderdomsgroep is nog altyd in die kerk bietjie die "stiefkinders", te groot vir kinderkerk en kinderkrans, maar te klein vir die tienergoed, en tog is hierdie een van die heel belangrikste ouderdomsgleuwe van die lewe. Jongmense wat hier 'n liefde en passie vir Christus ontwikkel, staan baie sterker in die lewe vorentoe.

Daarom dat die gedagte ontwikkel het om 'n kinderkerk vir Graad 4-6 te begin.

Wie is die ouderdomsgroep?

In hierdie ouderdomsgleuf begin die kind al meer losraak van ma se rokspante en begin al meer sy of haar eie ding doen. Hulle begin meer verantwoordelikheid neem en veral die portuurgroep is baie belangrik. Tipies is hierdie die ouderdomsgroep waar die " bende" gedagte ontstaan. Praat en redeneer met portuurgroep is belangrik. Hierdie jongmense is ook baie meer geneig om vriende te vra en te glo, waar die juffrou en ouers se mening absoluut was in die kleiner fase. Die inkleur en goedjies-maak-tyd is verby en is glad nie meer "cool" nie. Hulle hou meer van groepsprojekte en groepsgesprekke.

Die dinamika van onderrig

Een van die belangrikste wetenskaplik erkende beginsels van onderrig is dat die onderrig moet geskied in die bevatlikheid-en ontwikkelingsfase van die mens. Daarom dat skole kinders in ouderdomsgroepe indeel in klasse. Graad R,1 en 2 byvoorbeeld verskil reeds wesenlik in die manier van aanbieding. So verskil die Graad 4-7 onderrig drasties van graad 1-3. So word ook die kurikullum ontwikkel om by die ouderdomsgroep te pas. Graad 6e kan dalk stilsit in 'n klas, solank hulle geinteresseerd is en verstaan, maar kan nog nie matriekwerk doen nie. Dit is nog nie deel van hulle verwysingsraamwerk, vermoë en selfs belangstelling nie. Die ideaal sal wees as persoonlikheid ook deel van die dinamika kon wees , maar dit is prakties onmoontlik. Hierdie onderrigbeginsels is veral ook belangrik in die kinders se geestelikke opvoeding. Bv. Ons kan nie regtig verwag dat Kinders die volle erediens moet begryp nie. Die tema spreek nie noodwendig aan nie en is ook nie op aanbiedingsvlak op hulle gemik nie. Selfs die tradisionele kinderdiens is baiekeer op die kleintjies gemik en nie op hierdie ouderdomsgroep nie. Hulle sit dalk stil uit vrees vir pa en ma (Word soms met die ds gedreig!), maar kweek nie liefde vir die erediens en God nie.

Ons moet ook verstaan dat kontekste vandag anders is. Kinders word anders gestimuleer bv televisie, dvd rekenaarsepeletjies ens. Selfs in die skool word van multimedia en interaktiewe kommunikasie

gebruik gemaak. Kinders se aandagspan is anders en word deur ander goed geintereseer as in die verlede. Ook die uitdagings en probleme wat die jongmense ervaar is anders en moet anders aangespreek word.

Die voordele van ‘n kinderkerk vir Graad 4-6

Die geleentheid moet in hierdie tyd aangegryp word om goeie gesonde groepsdinamika te skep. Kinders kan gehelp word om deel te word van ‘n gesonde gelowige portuurgroep. Hulle is groot genoeg dat “dieper” geloofsake bespreek (Nie PREEK!) word, en hulle hou van saampraat en saamdink. Dit skep die geleentheid om hulle te laat saamdoen en te ervaar. Geestelike leierontwikkeling vind plaas deurdat meer verantwoordelikheid nou aan die jongmense toegeken kan word. Temas wat op hulle vlak is, kwelvrae ens kan aangespreek word.

Die materiaal

Daar word op die oomblik gekyk na materiaal bekend as LP3. Hierdie program neem die jongmense op hulle ouderdomsvlak binne 3 jaar deur die bybel. Hiermee saam word na programme gekyk om hierdie kinders die waarde van bv die doop en nagmaal te leer. Die geleentheid word aangegryp om hulle gereed te maak om nagmaal te gebruik en om ‘n beter verstaan van die erediens te skep. Sodoende word probeer om hulle te help om die erediens sinvol te verstaan wanneer hulle in graad 7 erediens begin bywoon. Liturgie begin ook ‘n groter rol speel, en gesprekvoering vind meer plaas.

Musiek is belangrik vir hierdie ouderdomsgroep, maar die tipiese “kleintjie” musiek is glad niemeer gewild nie. Hulle begin al meer neig na dieselfde musiek as wat die tieners geniet. Daar kan selfs gekyk word om ‘n orkes uit hulle saam te stel wat as voorbereding doen vir die tienerorkes.

Die praktyk

Net soos in die geval van die kleiner kinders gaan die kinders eers kerk toe saam met hulle ouers. Die beginsel wat van toepassing is, is dat die erediens uit 3 afdelings bestaan.

Die eerste beginsel is Ervaring: Hier ervaar die kinders die atmosfeer, lofprysing en verloop van die liturgie van die diens.

Die tweede beginsel is Voorbeeld: Kinders woon saam met ouers die diens by en ervaar die voorbeeld van die ouers binne die diens.

Die derde beginsel is Die boodskap of tema: Hierdie is die deel wat soms die grootste tydsaspek van die diens beslaan maar wat nie noodwendig op die kinders se verstaansvlak is nie. Daar kan ook nie verwag word dat slegs temas wat op kinders van toepassing is aangeraak kan word in die erediens nie. Die jongmense verlaat dus hier die kerk en ontvang die tema op hulle eie verstaansvlak.

Elke laaste sondag van die maand is daar nie kinderkerk nie en woon die jongmense dus saam met hulle ouers die erediens by, asook die vakansiedienste en langnaweke. Wanneer ‘n spesifieke tema dit vra

kan die diens ook bygewoon word bv wannner nagmaal behandel is kan ‘n nagmaalsdiens bygewoon word.

Aanbieders

Net soos by die kleiner kinders is daar ‘n vrywilliger wat verantwoordelikheid neem. Liezl Storm het aangebeid om hiermee te help. Ds. Hardus en Lorraine van Deventer (Jeugkoordineerder) sal ook hierby betrokke wees, veral met die keuse van programmatuur en selfs die aanbieding van temas. Nog meer gelowige ouers word gesoek om te help met die aanbiedings. Hoe meer volwassenes betrokke raak hoe beter kan die groepsgesprekke funksioneer. Ook die ander leraar sin die gemeente kan meermale met spesifieke temas betrek word

Wat van die rol van die gesin en gesinsverhoudings?

Word gesinsverhoudings nie hierdeur versteur nie? Gesinsverhoudings is van uiterste belang. Daarom dat die jongmense eers saam met hulle ouers die eerste deel van die diens bywoon. Ons vind dus ‘n goue middeweg. Ongelukkig word daar nie in een uur per week gesinsverhoudings gebou nie. Die ander 24 uur elke dag by die huis is die belangrikste tyd vir verhoudingsbou. Die geleenthede waar daar kinderkerk is, is net ongeveer 27 uit ‘n totaal van 52 sondae plus ‘n aantal (ongeveer 4)spesiale eredienste (Soos kersfees, oujaardiens ens.)per jaar. Daar is dus steeds meer as die helfte van die jaar se eredienste wat die gesin saam bywoon.

Wat van as my kind eerder die volwasse diens wil bywoon

Die kinderkerk is heeltemal vrywillig. As ‘n kind die gewone erediens wil bywoon is dit sy of haar (Of die ouers?) eie keuse.

Moet die kinders nie in hierdie tyd geleer word om stil te sit in die kerk nie?

Meermale is die redenasie “Ons het grootgeword deur stil te sit in die kerk – hulle moet ook”

Ons hooffokus is nie dat kinders in die kerk moet leer om stil te sit nie, maar dat hulle moet leer om Jesus lief te hê. As ons Jesus aan hulle kan voorstel en hulle ‘n passie vir God ontwikkel sal die “stilsit” van nature kom sodra hulle groter is. Dissipline word nie geleer in 1 uur in die kerk nie maar in die elkedag-tyd by die huis.

Hoeveel van ons volwassenses getuig vandag dat wat hulle van die kerk onthou is net dat hulle baie raas gekry het, maar nie regtig die liefde van Christus ontwikkel het nie? Eers later het hulle God ontdek. Die grootste deel van die samelewing bely met die mond dat hulle Christene is en tog sien ons nie die getuienis daarvan in die wêreld om ons nie. Ons sien jaarliks hoe belydende lidmate verdwyn na die bevestiging van geloof – omdat hulle nie meer gedwing word nie. Ons doelwit bly om ‘n liefde vir God te kweek. ‘n “Ek wil graag kerk toe gaan” houding eerder as ‘n “ek moet kerk toe gaan” houding. Die bybel sê in Matt 18 toe die dissipels die kindertjies wou wegjaag (Seker ook maar geraas en gespeel..) “ Laat die kindertjies na My toe kom!